GROOT LYDENSWEEK 2007
Dinsdag, 3 April 2007
Ds Freddie Schoeman

Die oomblik toe Jesus sy voete op die tempelplein plaas word Hy onmiddellik vasgetrap deur die priesterhoofde, die skrifgeleerdes en die familiehoofde. Die priesterhoofde en die familiehoofde was almal lid van die Sadduseërparty in die Joodse raad en hulle was verantwoordelik vir die instandhouding van die tempel en die offerpraktyk. Dit was hulle magsbasis en die bron van hulle inkomste.

Die vorige dag het Jesus God se oordeel daaroor uitgespreek deur 'n profetiese daad te verrig – toe Hy die tafels en die stoele van die geldwisselaars en die duiweverkopers omgekeer het. Hulle was woedend vir Jesus gewees.

Met watter gesag? Wie gee u die reg?

Jesus se antwoord is baie interessant – as ons die agtergrond mooi verstaan.

Jesus was 'n rabbi (skrifgeleerde) gewees. Hy was duidelik uitkenbaar as 'n rabbi want Hy het waarskynlik tipiese rabbi-klere gedra. Maar hy was nie 'n gewone rabbi gewees nie. 'n Gewone rabbi wat by 'n sinagogeskool onderrig het, het nie die reg gehad om die wet op 'n nuwe manier te interpreteer nie. Hulle moes hou by die tradisie wat hulle by hulle leermeesters geleer het.

Maar Jesus was anders. Hy was 'n rabbi met s'mha. Letterlik: iemand op wie hande gelê is – d.w.s. het gesag ontvang. Jesus was 'n rabbi met gesag. Daarom, toe Jesus begin het om te leer, was die mense verbaas gewees, want hy het nie soos die ander skrifgeleerdes geleer nie, maar soos 'n man met gesag. (vgl Matt 7)

Waar het Jesus sy gesag ontvang? Dit moes aan Hom oorgedra gewees het – deur 'n *ander* rabbi met s'ma. Wie was die ander rabbi? Van wie het Jesus sy gesag gekry? Waarskynlik van Johannes die Doper. Dit het nie sommer maar net gebeur nie. Jesus het deur 'n lang leerskool gegaan – Hy was self vir lank 'n talmid / dissipel.

Kom ons keer nou terug na die konfrontasie tussen Jesus en die Joodse owerhede. Hoe reageer Jesus?

Ek gaan julle een ding vra, en as julle My daarop kan antwoord, sal Ek vir julle sê met watter gesag Ek hierdie dinge doen. Die doop van Johannes, was dit van God of van mense afkomstig? Antwoord My.

Tipies rabbyns.

Wat Jesus vir die Joodse owerhede sê is dus: my gesag kom van Johannes die Doper af. As julle sy gesag erken, moet julle noodwendig ook my gesag erken.

En dit het die Joodse owerhede in 'n dilemma gehad. Johannes die Doper was nog baie gewild onder die mense gewees. Hulle sou dus die onmin van die mense vir hulleself op die hals haal indien hulle die gesag van Johannes die Doper ontken. Doen hulle dit wel, dan erken hulle onmiddellik ook Jesus se gesag – en dit wou hulle ook nie doen nie.

So hulle antwoord was: "Ons weet nie."

Toe sê Jesus: "Goed, dan antwoord Ek julle ook nie!"

Dit lyk dus asof Jesus vir die oomblik losgekom het. Maar direk hierna vertel Jesus doelbewus 'n uiters inflammatoriese gelykenis wat die Joodse owerhede net nog meer vasbeslote gemaak het om Jesus uit die weg te ruim.

Hy vertel die gelykenis van die boere en die wingerd. Almal wat geluister het, het in hulle agterkoppe die beeld van Jesaja 5 gehad: die Here wat Israel met groot sorg as 'n wingerd aangelê het en met groot moeite versorg het – maar die wingerd het tot sy groot teleurstelling toe nie vrugte gedra nie.

Die gelykenis handel ook oor 'n landbouer wat 'n wingerd geplant het en dit toe uitverhuur het aan boere. Elke keer as die landbouer 'n slaaf stuur om sy deel van die opbrengs te gaan haal, dan word hulle of weggejaag, of geslaan, of selfs doodgemaak. Totdat die boer nog net een persoon kon stuur: sy eie seun. Hy het gedink hulle sal sy seun ontsien. Maar omdat die boere die wingerd vir hulleself wou hê, het hulle ook die seun doodgemaak.

Die opbrengs van die wingerd is God se liefde en genade wat vir al die nasies van die wêreld bedoel is. Die boere is die Jode wat die wingerd moet bewerk sodat dit opbrengs lewer. Die slawe is die profete wat die

boere moet kom oortuig om die opbrengs nie net vir hulleself te hou nie. Maar die boere probeer die stem van Here stilmaak.

Die Sadduseërs het onmiddellik besef dat Jesus op hulle sinspeel. Hulle is die boere wat die stem van die Here probeer stilmaak. Daarom was hulle soveel te meer vasbeslote om Jesus om die lewe te bring en die enigste ding wat hulle in daardie stadium gekeer het, was die baie mense.

Hoe moet ons hierdie gelykenis vandag verstaan? Waar is *ons* in die gelykenis?

Aan die een kant het die kerk 'n profetiese taak (die slawe). Ons moet vir die wêreld sê om op te hou om selfsugtig te wees. Ons moet die regering aanspreek wat toelaat dat ekonomiese ongelykhede voortduur en dat die rykes ryker word en die armes armer. Ons moet die regering aanspreek wat maar net toelaat dat die Vigs pandemie voortduur en maar altyd te min te laat doen. Die opbrengs van die "wingerd" ons land / ons planeet, moet tot voordeel van al die inwoners en bewoners aangewend word.

Aan die ander kant moet ons as kerk onsself afvra: is ons nie dalk besig om soos die boere op te tree nie? Doen ons genoeg om die vrug van die wingerd – simbolies van God se liefde en genade – uit te dra? Of is ons besig om op ons eie belange te fokus en meer geneig om mense te veroordeel as om hulle lief te hê en in ons midde te verwelkom?